# DIE BETABARA VAN JERUSALEM

Net soos JaHUsha se hemelvaart het Shavuot/Pinksterfees by Jerusalem plaasgevind soos ons dit lees in Hand. 2:1. Dat dit alles by Jerusalem plaasgevind het, is simbolies belangrik, want daar het 'n Oorgang plaasgevind vanaf fisiese Jerusalem na die Jerusalem daarbo.

**<u>Oorgang/Deurgang</u>**

Ons het nie lank terug nie gekyk hoe Josua die Volk deur die Jordaan gelei het, in die Beloofde Land in. Die plek waar dit gebeur het word in Joh. 1:28 "Betabara" genoem. Om daar te doop het die geestelike voorgestel van dit wat geskiedkundig gebeur het in Jos. 3 en 4, naamlik …. 'n Oorgang.

> Joh 1:28 Dit het gebeur in Betábara, oorkant die Jordaan, waar Johannes besig was om te doop.

Betabara beteken "Huis/Plek van Oorgang". Doelbewus vergelyk JaHUsha dan die Oorgang na die Geestelike met die doop van Johannes.

> Hand 1:5 Want Johannes het wel met water gedoop, **maar** <u>julle sal met die Afgesonderde Gees gedoop word</u> nie lank ná hierdie dae nie.

'n Brug is gewoonlik die fisiese konstruksie deur "mense se werk" wat dit moontlik maak om 'n rivier oor te steek, maar met die water wat in Josua se tyd bonatuurlik opgedam is, was daar 'n Oorgang moontlik <u>sonder enige menslike toedoen</u>. Hoewel hulle van die een oewer na die ander oorgegaan het, was dit sonder 'n Brug, dit was eerder 'n Deurgang.

Om vanaf die Fisiese Realm na die Geestelike Beloofde Land, die Nuwe Jerusalem, oor te steek, kan ook nie deur enige mens se werke of wetsonderhouding gedoen word nie (Ef. 2:8 – 9, Rom. 11:6). Daardie weg is bonatuurlik vir ons geopen deur en in JaHUsha. Hy is die Deur of Deurgang na die Geestelike Beloofde Land (Joh. 10:9, Joh. 14:6, Ef. 2:18).

Vir 'n brug om funksioneel te kan wees, moet dit vanaf die een oewer na die ander oewer van die rivier gebou word; daar is dus **<u>kontak</u> met beide kante**. Dieselfde met 'n Deurgang.

JaHUsha het vir daardie doel Mens geword (Fil. 2:5 – 11). Hy wat **Elohiem** is het **Mens** geword vir 'n wyle, dit beteken … daar was kontak met beide kante, die **Fisiese** en die **Geestelike**. In en deur Hom vind Oorgang plaas. Hy het kom "raak" aan die Fisiese kant en maak daarna self vir ons die Oorgang na die Geestelike kant.

 →  →  → 

Mens steek 'n brug oor om aan die anderkant te kom. Wanneer mens dan eenmaal die Oorgang/Deurgang na die anderkant gemaak het, is daar geen sin daarin om weer telkens terug te keer

na die vorige gebied nie, naamlik om telkens weer die Fisiese toe te pas nie. Nee, ons moet voortgaan in die geloof en Geestelik nou opgroei in JaHUsha as die Hoof van die Liggaam. Hy is Geestelik. Hoe Hy vir ons diè Oorgang na die Geestelike bewerk het, word telkens vir ons deur die Skrif met sekere detail bevestig.

Ons het dit gesien met die verband tussen die woordjies “Gilgal” en “Galilea” in een van die vorige studies. Ons sien dit ook wanneer Gelowiges in JaHUsha as Messias beskryf word as die “nageslag van AbraHam”, wat beteken dat daar in en deur JaHUsha as diè Saad vir ons ‘n Oorgang was vanaf ons Fisiese geboorte en geslagslyn na ‘n Geestelike geboorte en geslagslyn; Hy het aan die Fisiese kant “geraak” deurdat Hy fisies werklik die Saad van AbraHam was, maar Hy was ook Elohiem, geGENEreer uit JaHUaH Elohiem, Ps. 2:7, Matt. 3:17. Hy is m.a.w. Geestelik, daarom kon Hy ‘n Deurgang/Oorgang wees vanaf die Fisiese na die Geestelike (Gal. 3 -4, Rom. 9 – 11). Dit het Hy bewerk toe Hy opgestaan uit die dood. Hy het die Dood wat fisies is, oorwin.

> Hand 13:32 En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat Elohiem dit aan ons, hulle kinders, **vervul het** deur **JaHUsha op te wek**,
> Hand 13:33 soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U **gegenereer.**
> Hand 13:34 En dat Hy Hom opgewek het uit die dode, sodat Hy nie meer tot verderwing sou terugkeer nie, het Hy só gespreek: Ek sal aan julle gee die afgesonderde weldade van Dawid wat betroubaar is.
> Hand 13:35 Daarom sê Hy ook op ‘n ander plek: U sal u Afgesonderde nie oorgee om verderwing te sien nie.
> Hand 13:36 Want **Dawid het ontslaap**, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van Elohiem gedien het, en is by sy vaders weggelê en **het verderwing gesien**,
> Hand 13:37 maar **Hy wat deur Elohiem opgewek is,** het **geen verderwing gesien nie**.

Vandag gaan ons kyk na die Oorgang vanaf **Fisiese Jerusalem** na **die Nuwe Jerusalem daarbo**, ma.w. na die Geestelike Realm. Dit het tydens Shavuot gebeur, nà Sy Hemelvaart vanaf die Olyfberg daar digby Jerusalem.

Berge is simbolies van ‘n koninkryk. Vir 40 dae nà Sy opstanding het Hy hulle onderrig oor die Koninkryk van Elohiem, nl. die Koninkryk van die Hemel (Hand. 1:3). Dit het Hy ook voorheen in Matt. 13 gedoen met gelykenisse toe Hy dit aan hulle bekend gestel het. Daardie Koninkryk tree nou in werking soos wat Sy Hemelvaart ook simboliseer. Hy vaar op na die Hemel of Hemelse Koninkryk. Hy vaar op VANAF die Fisiese NA die Geestelike. Hy gaan vooruit en voer die Oorgang sigbaar uit, terwyl Hy ook so die Oorgang word.

Dis net **in** JaHUsha wat ons diè oorgang persoonlik kan ondervind. Hy is die Brug/Deurgang. Om dit te kan wees moes Hy dit vanaf die een “oewer”, naamlik met Fisiese Jerusalem doen, na die ander oewer van Geestelike Jerusalem daarbo.

Daarom word die uitstorting van Sy Gees juis daar in Jerusalem beleef, vanwaar JaHUsha opgevaar het (Oorgegaan het). Dit beteken dat as ons oorgesteek het na die Geestelike “oewer” saam met JaHUsha, ons mos dan nie moet teruggaan om weer in die Fisiese kant betrokke te wil wees nie. Ons is klaar met Fisiese Jerusalem, want die Oorgang na die Geestelike het letterlik dààr plaasgevind.

Die Oorgang, of “om oor te steek”, neem ‘n tydjie, en daarom sien ons dat die Oorgang finaal afgesluit is toe Titus in 70 na Messias Jerusalem en die Tempel daarmee saam verwoes het.

Die Deurgang of Oorgang is net in JaHUsha – dit is die belangrike Fokuspunt.

*(As ons Hom verloën as Messias en Elohiem …. hoe kom mens dan aan die anderkant waar die Geestelike/Hemelse is? Moet alles dan steeds fisies bly, sonder ‘n ewige lewe, weer terug na die fisiese Levitiese wette van Moses en moet daar weer ‘n fisiese tempel gebou word in ‘n fisiese Jerusalem? Hoe ver het die misleiding van 2 Thess. 2 nie al gevorder nie!)*

**<u>Deurgang tydens Shavuot</u>**

Om hierdie belangrike Oorgang/Deurgang te laat plaasvind vir Sy volgelinge, moes die Apostels juis in Jerusalem gaan wag het op JaHUsha se instruksie. In Jerusalem omdat dit <u>die raakpunt</u> is waarvandaan die Oorgang na die <u>na die Geestelike</u> Nuwe Jerusalem moet plaasvind. Eers gaan Hy ons vooruit en vaar daarvandaan op (vanaf die Fisiese na die Geestelike Realm) in ‘n wolk en vorm so die Brug/Oorgang in en deur Hom vir Sy volgelinge, net soos toe die Volk die Priesters wat die Verbondsark gedra het op ‘n afstand gevolg het in Jos. 3 toe hulle die Jordaan moes oorsteek.

Daarna beleef hulle **die bewys van die Oorgang** deurdat hulle Sy Gees ontvang , wat hulle sou lei, om let wel …**<u>Getuies vir Hom te wees</u>** (soos ook in Hand. 13:31) en heel **eerste** moes hulle dit wees **in Jerusalem** nog voordat hulle verder kon uitwyk. Die oewer aan die Fisiese kant moet eers “geraak” word met die Boodskap van die Geestelike. Daar is nou nie meer sprake van ‘n Fisiese Israel en Fisiese Jerusalem en Fisiese Koninkryk nie, maar wel die Geestelike daarvan …. Deur Sy Gees.

> Hand 1:4 En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om **nie van Jerusalem weg te gaan nie**, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.
> Hand 1:5 Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met **die Afgesonderde Gees gedoop** word nie lank ná hierdie dae nie.
> Hand 1:6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?
> Hand 1:7 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;
> Hand 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Afgesonderde Gees <u>oor julle kom</u>, en julle sal **My getuies wees in Jerusalem** sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.
> Hand 1:9 En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en ‘n wolk het Hom **voor hulle oë** weggeneem.

En toe gebeur dit ook net so en soos wat in Joël 2 ook geprofeteer was …

> Hand 2:1 En toe die dag van die **pinksterfees** aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.
> Hand 2:2 En daar kom skielik uit die hemel ‘n geluid soos van ‘n geweldige ruk**wind**, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.
> Hand 2:3 Toe is deur hulle tonge gesien soos van **vuur**, wat hulleself verdeel en op **elkeen van hulle gaan sit.**

Hand 2:4  En hulle is almal vervul met die Afgesonderde Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.
Hand 2:5  En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is.
Hand 2:6  En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek;
Hand 2:7  en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, **dan nie Galileërs nie**?
Hand 2:8  En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?
Hand 2:9  Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotámië, Judéa en Kappadócië, Pontus en Asië,
Hand 2:10  Frigië en Pamfílië, Egipte en die streke van Líbië by Ciréne, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote,
Hand 2:11  Kretense en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van Elohiem spreek.
Hand 2:12  En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat kan dit tog wees?

Hand 2:16  Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is:
Hand 2:17  En in die laaste dae, spreek Elohiem, **sal Ek van my Gees uitstort** op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.
Hand 2:18  En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer.

*(Dat hulle met die Uitstorting van die Gees in vreemde tale kon praat wat duidelik Verstaanbare Vreemde Tale was en nie net vreemde klanke* nie,- *was met die doel om die Evangelie aan al daardie nasies wat genoem word in Hand. 2:10  - 11, te kon deel.  Charismatiese kerke mislei Gelowiges deur te verkondig dat mens net met die Gees gedoop is as mens in 'n "taal" kan praat.  Vir meer inligting sien die volgende skakel … https://www.gotquestions.org/gift-of-tongues.html .)*

Toe JaHUsha ook deur Johannes gedoop is by **Betabara**, wat ons weet beteken "Huis/Plek van Oorgang", **het die hemel oopgegaan**.  Dit was 'n fisiese manifestasie om vir ons 'n geestelike begrip in te prent tesame met dit wat gevolg het na Sy Hemelvaart toe Sy Apostels Geestelik gedoop is – die Hemel het oopgegaan en tonge van vuur het op hulle kom sit.

Mat 3:13  Toe het JaHUsha van Galiléa na die Jordaan, na Johannes gekom om deur hom gedoop te word.
Mat 3:14  Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe?
Mat 3:15  Maar JaHUsha het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat.
Mat 3:16  En nadat JaHUsha gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en **meteens gaan die hemele vir Hom oop**, en Hy sien die **Gees van Elohiem soos 'n duif neerdaal** en op Hom kom.
Mat 3:17  En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde *(Dawied)* Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Hand 2:2  En daar kom skielik uit die hemel ‘n geluid soos van ‘n geweldige ruk**wind**, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.
Hand 2:3  Toe is deur hulle **tonge gesien soos van vuur**, wat hulleself verdeel en **op elkeen van hulle gaan sit**.
Hand 2:4  En hulle is almal **vervul met die Heilige Gees** en het begin spreek in ander tale, soos **die Gees aan hulle gegee** het om uit te spreek.

Elia en Elisa het ook ‘n simboliese oorgang na die geestelike gedemontreer in wat hulle beleef het.  Elia het in die hemel opgevaar terwyl Elisa ‘n dubbele deel wou hê van die Gees wat op Elia was.

**<u>Elia en Elisa</u>**

Interessant, Johannes as die Voorloper wat die pad moes berei vir JaHUsha, was <u>die geestelike</u> “<u>Elia/EliJaHU</u>”, Luk. 1:13, 16 – 17).  Elia het **ook** in daardie selfde area **droogvoets deur die Jordaan gegaan** en **is in die hemel opgeneem**.

Dit was ‘n fisiese Verduideliking vir ons om die geestelike te kan verstaan.  Net soos daar tonge van vuur gemanifesteer het in Hand. 2, manifesteer die Gees met ‘n wa en perde van vuur toe Elia/EliJaHU opgeneem is.

*Terloops …*
*Eli = My El/Elohiem.*
*EliJaHU = My Elohiem is … JaHU(aH).*
*Elisa se naam is EliSha in Hebreeus, wat beteken “My Elohiem is …. Verlossing”.*
*Wie is die Elohiem wat Verlossing is?  JaHUsha natuurlik.  Verlos is “jasha” in Hebreeus.*

*<u>Eli</u>   JaHu     en     <u>Eli</u>   sha.    Hmmm….*

*Dit is gelyk aan:     My <u>Elohiem</u> is …  **JaHU**(H)  + (ja)**sha**  = JaHUsha.*

*Dit bewys weereens dat JaHUsha dan tog Elohiem is, anders as wat sekeres in die Hebreeuse wortels en ook in ander godsdienste leer!)*

Hierdie ervaring van EliJaHU en Elisha was in die omgewing van Gilgal by die Jordaan.  Dit is weereens nog Geskiedkundige en Profetiese bevestiging wat die Oorgang vanaf die Fisiese na die Geestelike simboliseer.

2 Kon 2:1  En toe JaHUaH Elía in ‘n storm **na die hemel** sou opneem, het Elía met Elísa **uit Gilgal uitgegaan**.

2 Kon 2:6  En Elía sê vir hom: Bly tog hier, want JaHUaH **stuur my na die Jordaan**. Maar hy sê: So waar as JaHUaH leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie! En hulle twee het gegaan.
2 Kon 2:7  En vyftig man van die profete-seuns het geloop en op ‘n afstand eenkant gestaan, terwyl hulle twee by die Jordaan staan.
2 Kon 2:8  Toe neem Elía sy mantel en rol dit op en slaan op die water; en dit is **na weerskante verdeel, sodat hulle twee op droë grond deurgegaan het.**

2 Kon 2:9  En nadat hulle deur was, sê Elía vir Elísa: Begeer wat ek vir jou moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word. En Elísa antwoord: Laat dan tog 'n **dubbele deel van u gees** op my kom.
2 Kon 2:10  En hy sê: Jy het 'n harde saak begeer. As jy my sien wanneer ek van jou af weggeneem word, laat dit dan so met jou wees. Maar so nie, dan sal dit nie wees nie.
2 Kon 2:11  En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens **'n wa van vuur met perde van vuur** wat **skeiding** tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar.
2 Kon 2:12  En Elísa het dit gesien en geroep: My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters! En toe hy hom nie meer sien nie, het hy sy klere gegryp en dit in twee stukke geskeur.

Dit bring ons by Shavuot/Pinkster.

**Shavuot in die N.T.**

Shavuot volgens die Orde van Melgisèdek word geestelik gevier, soos ons dit duidelik kon sien hier in Hand. 2. Dit balanseer ook uit dat daar met die aanbidding van die Goue Kalf 3 000 gedood is, maar met die uitstorting van die Gees is daar omtrent 3 000 gered (Hand. 2:41). *(Dit dui duidelik op die **einde** van die Tussentydse Fisiese Levitiese orde wat bygevoeg is nà die Aanbidding van die Goue Kalf, Num. 3, toe Eersgeborenes omgeruil is met Leviete. Daar het 'n **Oorgang** plaasgevind, Heb. 7:12)*

JaHUsha het die Apostels vooraf geleer en voorberei oor die Gees wat sou kom nadat Hy weg is. Dit was dus 'n Belofte, soos wat Isak 'n belofte was (Rom. 9:6 -9).

Hand 1:4  En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag **op die belofte** van die Vader, wat julle, het Hy gesê, **van My gehoor het**.
Hand 1:5  Want Johannes het **wel met water gedoop**, maar julle sal met die Afgesonderde Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.

Gal 3:14  sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Messias JaHUsha, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.

Gal 3:22  Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat **die belofte** uit die geloof in JaHUsha Messias **aan die gelowiges gegee kon word.**

Gal 3:29  En as julle **aan Messias behoort**, dan is julle die nageslag van Abraham en **volgens die belofte erfgename**.

Om aan Messias te behoort en geestelike Erfgename te wees, behels die teenwoordigheid van Sy Gees in ons lewens.

Joh 14:16  En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster *(Helper)* gee **om by julle te bly tot in ewigheid**:
Joh 14:17  **die Gees van die waarheid** wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.
Joh 14:18  Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.
Joh 14:19  Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.

Joh 14:20  In dié dag sal julle weet dat **Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle**.

Joh 14:25  Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly;
Joh 14:26  maar die Trooster *(Helper)*, die **Afgesonderde Gees,** wat die Vader in **my Naam** sal stuur, <u>Hy sal julle alles leer</u> en sal <u>julle</u> <u>herinner</u> aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Die Gees van die Waarheid **<u>getuig van JaHUsha</u>**.  Vandag word mense met 'n gees mislei wat nie van JaHUsha as Messias en Elohiem getuig nie.  Onderskei dus of dit die Gees van Waarheid is wat na vore kom uit leringe sodat mens nie met 'n ander gees in mens se geloofslewe eindig as wat mens mee begin het nie (Gal. 3:3).

Kyk hoe Petrus **van JaHUsha getuig het,** direk nà die Uitstorting van die Gees.  Hy vergelyk ook terselfdertyd hoedat die fisiese Dawid van wie se geslagslyn JaHUsha afgestam het (Rom. 1:3), gesterf het en nog steeds dood is met die feit dat JaHUsha as Dawied/Geliefde gesterf het, maar opgestaan het uit die dood en onverderflik is.

Hand 2:22  Israeliete, luister na hierdie woorde! JaHUsha, die Nasaréner, 'n man **deur Elohiem vir julle aangewys** met kragte en wonders en tekens wat Elohiem deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet—
Hand 2:23  Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van Elohiem oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring;
Hand 2:24  **Hom het Elohiem opgewek**, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit **onmoontlik** was dat Hy daardeur **vasgehou** sou word.
Hand 2:25  Want Dawid sê van Hom: Ek het JaHUaH altyddeur voor My gesien, want Hy is aan my regterhand, dat Ek nie sou wankel nie.
Hand 2:26  Daarom is my hart bly en my tong juig, ja, ook sal my vlees nog rus in hoop.
Hand 2:27  Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Afgesonderde oorgee **om verderwing te sien nie**.
Hand 2:28  U het My die weë van die lewe bekend gemaak, U sal My vervul met vreugde by u aangesig.
Hand 2:29  Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die **aartsvader Dawid**, dat **hy gesterf het** en **ook begrawe is**, en **sy graf is by ons tot vandag toe**.
Hand 2:30  Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat Elohiem vir hom met 'n eed gesweer het dat hy **uit die vrug van sy lendene**, wat die vlees betref, **die Messias sou verwek** om **op sy troon te sit**,
Hand 2:31  het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek **van die opstanding van Messias**, dat Sy siel **nie** in die doderyk verlaat is en Sy **vlees ook nie verderwing gesien het nie**.
Hand 2:32  Hierdie JaHUsha het Elohiem **opgewek**, **waarvan ons almal getuies is**.
Hand 2:33  Nadat Hy dan deur **die regterhand van Elohiem verhoog is** en van die Vader **die belofte van die Afgesonderde Gees ontvang het**, **het Hy dít uitgestort**, wat julle nou sien en hoor.
Hand 2:34  Want **Dawid het nie in die hemele opgevaar nie**, maar hy self sê: JaHUaH het gespreek tot my Meester: **Sit aan my regterhand**
Hand 2:35  totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete.
Hand 2:36  Laat dan <u>die hele huis van Israel</u> sekerlik weet dat Elohiem <u>Hom Meester en Messias gemaak het</u>, hierdie JaHUsha **wat julle gekruisig het.**

As JaHUsha se Gees in ons is, sal ons van Hom getuig soos wat Petrus hier gedoen het in ooreenstemming met die Skrif.

> Joh 15:26  Maar as die Trooster *(Helper)* gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, **die Gees van die waarheid** wat van die Vader uitgaan, **<u>sal Hy van My getuig</u>**.
> Joh 15:27  **En julle getuig ook, <u>omdat</u> julle van die begin af <u>met My is</u>**.

**<u>Geen aanbidding meer by Jerusalem nie</u>**

In Joh. 4 is dit baie duidelik hoedat geen fisiese plek van aanbidding meer belangrik is nadat die Lewende water van JaHUsha gesmaak is nie.

JaHUsha het by die Put van **Jakob** gekom (Joh. 4:6), waaruit ons verstaan dat dit sinspeel na die Fisiese bedeling en Fisiese nageslag van Jakob, naamlik Fisiese Israel, want JaHUsha bied die vrou by die put ander water aan as wat in die put is (Joh. 4:10, 13 – 14).

*(Jakob as Aartsvader dui op die fisiese omdat hy na sy geestelike ervaring in Gen. 32 "Israel" genoem is.  Wat hy beleef het was soortgelyk aan 'n wedergeboorte.)*

> Joh 4:10  JaHUsha antwoord en sê vir haar: As jy **die gawe van Elohiem geken het** en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou **lewende water** gegee het.

Dan vra die vrou vir Hom waar die regte plek is om te aanbid en sy noem spesifiek die feit dat die Jode sê "Jerusalem" die regte plek is.

> Joh 4:20  Ons vaders het op hierdie berg aanbid, en julle sê dat die **plek waar ons behoort te aanbid**, in **Jerusalem** is.

In die fisiese bedeling was Jerusalem wel die regte plek om te aanbid, maar hoor wat antwoord Hy haar….

> Joh 4:21  JaHUsha sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle **nie op hierdie berg** en ook **<u>nie in Jerusalem</u>** die Vader sal aanbid nie.
> Joh 4:22  Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode.
> Joh 4:23  Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die **ware aanbidders** die Vader **<u>in gees en waarheid sal aanbid</u>**; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.
> Joh 4:24  Elohiem is Gees; en die wat Hom aanbid, **moet in gees en waarheid aanbid**.

JaHUsha het dus alreeds hier aangedui dat daar 'n oorgang plaasvind vanaf Fisies na Geestelik.

Is **aardse Jerusalem** dan <u>nog enigsins van belang</u> vir die wat 'n oorgang gemaak het na die "geestelike oewer"???

> Gal 4:22  Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye.
> Gal 4:23  Maar die een uit die slavin is gebore **na die vlees**, en die ander een <u>uit die vrye</u> **deur die belofte**.
> Gal 4:24  **Dit is sinnebeelde**, want dié vroue staan vir **twee verbonde**: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die **slawerny** kinders baar—dit is Hagar;

Gal 4:25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en **kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem** en is met haar kinders saam in **slawerny**.
Gal 4:26 Maar **Jerusalem daarbo is vry**; en dit is die **moeder** van ons almal.
Gal 4:27 Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.
Gal 4:28 Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte;
Gal 4:29 maar soos destyds hy wat na die **vlees gebore is**, hom **wat na die Gees was**, vervolg het, **so is dit nou ook**.
Gal 4:30 Maar wat sê die Skrif? **Werp die slavin en haar seun uit**, want **nooit** mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye **erwe nie**.
Gal 4:31 Daarom, broeders, **ons is nie kinders van die slavin nie**, maar van die vrye.

Open 21:2 En ek, Johannes, het die afgesonderde stad, die **nuwe Jerusalem**, sien neerdaal van Elohiem uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.
Open 21:3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, **die tabernakel van Elohiem is by die mense**, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en Elohiem self sal by hulle wees as hulle Elohiem.

Het die politiek van die dag i.v.m. Jerusalem dan betrekking op diegene wie se Moeder die Jerusalem daarbo is? Nee, daardie Jerusalem is vry. Dis onskriftuurlik om die dinge wat in die Staat Israel en in fisiese Jerusalem gebeur as "profeties" te beskou op die wyse wat dit voorgehou word. Dis wel profeties van 2 Thess. 2.

**Jerusalem en Stefanus se getuienis**

Laastens kyk ons na hoe Stefanus sy geloof in JaHUsha bely het toe die Jode/Judaïsme op die punt was om hom daaroor te stenig. Hy bevestig ook dat JaHUaH nie woon in Tempels wat mensgemaak is nie en dat hulle die Gees weerstaan.

Hand 7:48 Maar die Allerhoogste **woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie**, soos die profeet sê:
Hand 7:49 Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir My bou, sê JaHUaH, of hoedanig is die plek van my rus?
Hand 7:50 Het my hand nie al hierdie dinge gemaak nie?
Hand 7:51 Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, **julle weerstaan altyd die Afgesonderde Gees**; net soos julle vaders, so ook julle.

Stefanus bevestig ook hoedat die Jode die profete doodgemaak het en ook vir JaHUsha vermoor het. Dit was **in Jerusalem**, maar dieselfde word van **die Groot Babilon** gesê.

Hand. 7:52 Watter een van **die profete** het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het **dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige,** van wie **julle nou verraaiers en moordenaars geword het**;

Open 17:5 en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, **die groot Babilon**, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.

Open. 17:6 En ek het die vrou gesien, **dronk van die bloed van die afgesonderdes en van die bloed van die getuies van JaHUsha**, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.

Wie is dan hierdie Hoervrou van Babilon wat die Profete doodgemaak het? JaHUsha het self die antwoord gegee toe Hy die volgende gesê het …

Mat 23:37 **Jerusalem, Jerusalem**, jy wat **die profete doodmaak en stenig** dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!
Mat 23:38 Kyk, julle <u>huis word vir julle woes gelaat</u>!

Hulle "huis" word vir hulle woes gelaat. Die Koninkryk word van hulle weggeneem (Matt. 21:43) en as kinders van die fisiese Israel word hulle uitgedryf in die buitenste duisternis.

Mat 8:11 Maar Ek sê vir julle dat baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in **die koninkryk van die hemele.**
Mat 8:12 Maar die **kinders van die koninkryk sal uitgedryf word** in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Mat 21:43 Daarom sê Ek vir julle: **Die koninkryk van Elohiem sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word** wat die vrugte daarvan sal dra.

JaHUsha was dus nie Pro-"Fisiese Israel" soos die Messiaanse beweging en die meeste Evangeliese kerke vandag is vanweë die indringende Zionistiese beweging se jarelange invloed nie. Sulkes verklaar altyd die profesië in die Woord verkeerd waar dit Jerusalem/Israel behels. Alles wat bo is, is eintlik dan onder, net omgekeerde.

JaHUsha se Koninkryk is nie van hier nie. Hy het opgevaar na Sy Koninkryk wat in die Hemel is.

Joh 18:36 JaHUsha antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.

Nà Sy Oorgangsvaart na die Hemelse Koninkryk en nà die uitstorting van die Gees *(wat 'n belofte vanaf die Vader was)* , is Sy Koninkryk in elkeen wie Sy Gees in hom het, elkeen wat in Hom die Betabara gevind het.

Luk 17:20 En toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van Elohiem sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van Elohiem kom nie met sigbare tekens nie.
Luk 17:21 En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want **die koninkryk van Elohiem is binne-in julle**.

Daar is egter altyd 'n Slang in die gras. Pasop vir die namaaksel van Sy Gees wat orals manifesteer. Dis in Christelike kerke, Judaïsme, die Nuwe Era beweging en elke vals godsdiens daarbuite. Die oorsprong is Babilonies.

<u>**Shekina, die vals gees**</u>

Daar is n woord wat veral in Engels gebruik word i.v.m. “gees” wat baie bekend is, en dit is “shekinah”. Daardeur word mense gelok om te dink dat dit die Gees van JaHUaH is, maar dit is nie, want diè woord kom nie voor in die Hebreeus van die Skrif nie. Dit is wel in die Kabbalah as een van die vele gode van Judaïsme vanuit Babilon en dit verglyk met die Koningin van die Hemel wat die Israeliete so baie aanbid het.

Lees hierdie interessante maar skokkende dokument ...

- http://www.texemarrs.com/052015/sex_gods_and_goddesses_judaism.htm

**Slot**

Ons kan dus hierdie Shavuot/Pinkstser vier deur ons Geloofslewe te reinig van enige vals geeste wat ons beroof van die Ware Gees van Messias JaHUsha wat altyd gereed is om ons te leer en voortdurend te herinner aan wat Hy gesê het, Joh. 14:26.

> Joh 14:26 maar die Trooster *(Helper)*, die **Afgesonderde Gees,** wat die Vader in **my Naam** sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
19 Mei 2018